

**26 September**

**Skrifgedeelte: Johannes 5:1-29**

**Fokusgedeelte: Johannes 5:17**

### **Jesus berei sy eie kruisiging voor**

Terug in Jerusalem, na 'n tyd in Galilea, kom Jesus met die Joodse leiers in konfrontasie deur voort te gaan met sy selfopenbaring. Die Samaritaanse vrou het Hom bely as die Messias, die Gesalfde van God. Hier stel Jesus Homself op een lyn met God: "My Vader werk tot nou toe en Ek werk ook". Die Vader het sy eie werksmetode. Hy werk selfs op die Sabbat, want kinders word tog gebore en Hy onderhou sy hele skepping. Nou kom Jesus en Hy werk, net soos die Vader, ook op die Sabbat deur 'n verlamde man te genees.

Vir agt en dertig jaar was die man verlam en ook bitter eensaam: "Meneer, ek het niemand..." Hy word egter onder al die siekes in Betesda uitgesonder om, deur sy genesing op 'n Sabbat, as instrument te dien vir Jesus se openbaring as Seun van God. God gebruik tewens altyd, ook vandag, ons gesondwees en ons siekwees tot sy eer.

Die Jode het Jesus dadelik beskuldig van Sabbatsontheiliging en van Godslastering, maar Jesus gaan verder en openbaar nog meer. Soos wat die Vader dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun mense deur die geloof in Hom ook geestelik lewendig. Die Jode wou Hom toe doodmaak, wat hulle ook later op God se tyd gedoen het. Toe was daar vir Jesus geen Betesda (huis van barmhartigheid) nie, maar Golgota. Daar was geen hulp in sy eensaamheid nie, maar net Godverlatenheid – in ons plek. So werk God Drie-enig tot ons ewige behoud. Ek roep, tot vreug herbore: "Verlos en nie verlore".

*Sing: Skrifberyming 34:1                      Ds J Venter (Emeritus)*